# In God se liefde

jaco neveling

# God se hart

**<u>Joh 17:11, 13, 15,</u>**

En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons...

Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê...

Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.

# God se hart

**Joh 17:17**

Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

# God se hart vir ons

1. Bewaring
2. Eenheid
3. Om Jesus se blydskap volkome te hê
4. Om heilig gemaak te word

# God se hart

**<u>Joh 17:20 – 26</u>**

Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo – dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad

**Joh 17:20 – 26 vervolg**

het net soos U My liefgehad het.  Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.  Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het.  En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.

# God se hart vir ons

1. Bewaring
2. Eenheid
3. Om Jesus se blydskap volkome te hê
4. Om heilig gemaak te word
5. Eenheid – onder mekaar
6. Eenheid – met God
7. Om saam met Jesus te wees– waar Hy is
8. Om God se liefde in ons te hê
9. Om Jesus in ons te hê

# Bewaring

**1 Tess 5:23-24**

En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!  Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen.

# Bewaring

**Jud 24**

Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig,

# Die plek van bewaring

**Kol 1:22**
...om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel;...

**Kol 1:23**
...as julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie...

# Om God se liefde in ons te hê

**Jud 20-21**

Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag.

# God die Vader se liefde vir ons is…

1. dieselfde liefde as waarmee Hy Jesus liefhet – Joh 17:23

2. ‘n ewige liefde – Jer 31:3

# Bly in die liefde van God

**1 Joh 4:10**
Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as ‘n versoening vir ons sondes...

**1 Joh 4:16**
En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.

# Bly in die liefde van God

**Ef 4:13-15**

totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,

# Bly in die liefde van God

This is the single most important truth that enables me to continue in spiritual warfare.  If I'm fully persuaded that God is faithful to forgive and restore me, I'll have the power to resist all temptation.  I'll know He is with me, no matter what I face – and He'll love me through it all.  I may fail occasionally.  But I'll know he'll be waiting for me at the end of the struggle – and I'll emerge loved by Him.

David Wilkerson

# Om God se liefde in ons te hê

Vader, U het die vermoë om ons te bewaar tot die dag van Jesus.  Versterk ons met krag deur U Gees om innerlik sterk te word, sodat Jesus Christus in ons harte kan woon en ons in U liefde gegrond kan wees en bly, sodat ons saam met die ander gelowiges kan begryp hoe groot U liefde vir ons is.  Sodat ons die liefde van Christus kan ken en ons vervul kan word met die volheid van God.  Amen.

Gebaseer op Ef 3:16-20